

Die eerste kerkleiers



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 6, Handelinge 7:48, Hebreërs 5:11–14, Miga 6:1–16, Handelinge 7, Handelinge 8:4–25.

Geheeteks:

“En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en ‘n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof” (Handelinge 6:7).

Baie van die Pinksterbekeerlinge was Hellenistiese Jode, d.w.s., Jode wat afkomstig van die Grieks-Romeinse wêreld was, en wat op daardie tydstip in Jerusalem gewoon het (Handelinge 2:5, 9–11). Afsiesen daarvan dat hulle wel Jode was, het hulle in baie opsigte van die Judese Jode verskil (die “Hebreërs” wat in Handelinge 6:1 genoem word), waarvan die grootste verskil was dat hulle gewoonlik nie Aramees geken het nie, die taal wat in Judéa gepraat was. Daar was verskeie ander kulturele en godsdienstige verskille ook, want omdat hulle in uitheemse lande gebore was, was hulle nie in Judese tradisies gegrond nie, of nie so diep gegrond as wat die Judese Jode was nie. Hulle was vermoedelik nie so baie aan die tempelseremonies geheg nie, en aan daardie vorms van die Mosaïese wet wat net van toepassing in die land van Israel was nie.

Voorts, omdat hulle die meeste van hulle lewens in ‘n Grieks-Romeinse omgewing deurgebring het en in nabye aanraking met die heidene was, was dit vanselfsprekend makliker vir hulle om die inklusiewe aard van die Christelike geloof te kon verstaan. Feit is dat God baie Hellenistiese gelowiges gebruik het om die evangelieopdrag na die hele wêreld tot uitvoering te gebring het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 Julie.*

Die aanstelling van die sewe

Lees Handeling 6:1. Waaroor het die Hellenistiese gelowiges gekla?

“Die oorsaak van die klage was ‘n beweerde verwaarlosing van die Griekssprekende weduwees in die daaglikse verspreiding van bystand. Enige ongelykheid sou teenstrydig gewees het met die gees van die evangelie, nogtans het die Satan daarin geslaag om agterdog te werwek. Daar moes onmiddellik opgetree word om elke aanleiding tot ontevredenheid uit die weg te ruim sodat die vyand nie kon slaag in sy poging om verdeeldheid onder die gelowiges te saai nie...” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 71-72.

Die oplossing wat deur die apostels voorgestel was, was dat daar sewe manne onder hulle gekies moes word om “die tafels te bedien [diakoneō]” (Handeling 6:2), terwyl dit die apostels geleentheid gegee het om in die gebed te volhard het en in die “bediening [diakonia] van die woord” (Handeling 6:4). Aangesien diakoneō en diakonia aan dieselfde woordgroep behoort, is daar werklik net ‘n verskil tussen “tafels” in Handeling 6:2 en “die woord” in Handeling 6:4. Dit wil voorkom asof hierdie verskil, saam met die byvoeglike naamwoord “daaglikse” (Handeling 6:1), die twee hoofelemente van die vroeë kerk se daaglikse lewe aandui: onderwys (“die woord”) en samesyn (“tafels”). Laasgenoemde sluit die gemeenskaplike maaltyd, die Avondmaal en gebede in (Handeling 2:42, 46; 5:42). Met ander woorde, as gesaghebbende trustees van Jesus se leringe, moes die apostels hulle hoofsaaklik met leerstellige onderrig aan die gelowiges en met gebed besig gehou het, terwyl die sewe in beheer van die gemeenskapsaktiwiteite in verskeie van die huiskerke sou wees. Maar hulle pligte was nie beperk tot diakenwerk soos wat die term vandag verstaan word nie. Hulle was in werklikheid die eerste leiers van die kerk.

Lees Handeling 6:2–6. Hoe was die sewe gekies en aangestel om te dien?

Die kandidate moes deur morele, geestelike en praktiese hoedanighede onderskei geword het: Hulle moes ‘n eerbare reputasie gehad het en met die Gees en wysheid vervul gewees het. Die sewe was met die gemeenskap se toestemming gekies en toe deur gebed en die oplê van hande bevestig. Dié seremonie dui op publieke erkenning en die toekenning van gesag om as diakens te kon optree.

Dit is so maklik om verdeeldheid onder leierskap te saai, is dit nie? Hoe kan ons alles in ons Godgegewe vermoë doen om vrede tussen ons te bewaar, en liever op sending te fokus?

Stéfanus se bediening

Nadat hulle aangestel was, het die sewe nie net in kerkbediening betrokke geraak nie, maar ook in effektiewe getuienisbediening. Die gevolg hiervan was dat die evangelie aanhou versprei het, en die aantal gelowiges al hoe meer geword het (Handelinge 6:7). Hierdie groei het natuurlik teenstand vir die vroeë kerk ontketen. Die verhaal fokus nou op Stéfanus, 'n man wat geestelik uitgetroom het.

Lees Handelinge 6:8–16. Wat leer hierdie verse ons oor Stéfanus se geloof en sy karakter? En, waarom het Stéfanus gespreek wat sy teenstanders so kwaad gemaak het?

Aangesien Stéfanus 'n Hellenistiese Jood was, het hy die evangelieboodskap in die Hellenistiese sinagoges gespreek. Daar was verskeie sulke sinagoges in die stad; Handeling 6:9 verwys heelwaarskynlik na twee van hulle, na die een waar die suidelike immigrante (Cirenéërse Jode en Alexandryne), en die een waar die noordelike immigrante (van Cilícië en Asië) aanbid het. Jesus was sonder twyfel die middelpunt van die debatte, maar die aantygings teen Stéfanus dui daarop dat sy begrip van die evangelieboodskap en die implikasies daarvan die Judese gelowiges se begrip oortref het. Stéfanus was beskuldig dat hy godslasterlike dinge teenoor Moses en God gespreek het; dit wil sê, teen die wet en teen die tempel. Selfs as hy oor sekere punte verkeerd verstaan was — of sy woorde moedswillig verdraai was — en valse getuies oorgehaal was om teen hom te praat, kon die aanklagtes teen hom dalk nie heeltemal vals gewees het nie, soos in Jesus se geval (Markus 14:58, Johannes 2:19). Stéfanus se duidelike veroordeling van die Sanhedrin oor die afgodiese verering van die tempel (Handelinge 7:48), openbaar dat hy die diepliggende implikasies van die dood van Jesus en waarna dit sou lei, verstaan het, ten minste met betrekking tot die tempel se seremoniële praktyke. Met ander woorde, terwyl die Joodse gelowiges van Judese afkoms nog steeds te gehêg aan die tempel en ander seremoniële praktyke was (Handelinge 3:1; 15:1, 5; 21:17–24), en hulle dit moeilik gevind het om daarvan af te sien (Galásiërs 5:2–4, Hebreërs 5:11–14), het Stéfanus, en miskien ook die ander Hellenistiese gelowiges, onmiddellik verstaan dat Jesus se dood die einde van die tempelstelsel in sy geheel, aangedui het.

Hoekom moet ons versigtig wees om nie so in ons gekoesterde opvattings vasgevang te wees dat wanneer nuwe lig oor ons pad kom, ons dit heeltemal uitsluit nie?

Voor die Sanhedrin

Lees Handeling 7:1–53. Wat het Stéfanus aan sy beskuldigders gesê?

Die aanklagte teen Stéfanus het tot sy arrestasie en sy verhoor voor die Sanhedrin gelei. Volgens die Joodse tradisie was die wet en die tempeldienste twee van die drie pilare waarop die wêreld gerus het – die derde een was goeie werke. Die blote insinuasie dat die Mosaïese seremonies verouderd was, was sonder meer as ‘n aanval op dit wat uiters heilig vir Judaïsme was, beskou; daarom was daar ‘n aanklag van godslastering teen hom (Handeling 6:11). Stéfanus se reaksie is die langste toespraak in Handeling wat opsigself aandui dat dit belangrik was. Alhoewel dit aanvanklik na niks meer as ‘n uitgerekte voordrag oor Israel se geskiedenis geklink het nie, moet ons die toespraak in die konteks van die Ou Testamentiese verbond sien, en hoe die profete die struktuur daarvan gebruik het om godsdienstige hervorming in Israel teweeg te bring. Wanneer dit gebeur het, het hulle soms die Hebreeuse woord רִבְּ gebruik, waarvan die beste vertaling heelwaarskynlik “verbondsregsgeding” is, om aan te dui dat God ‘n saak teen Sy volk maak omdat hulle nie die verbondsvoorwaardes nagekom het nie.

In Miga 6:1, 2, byvoorbeeld, verskyn רִבְּ driemaal. Deur Sinai as verbondsmodel te gebruik (Exodus 20–23), herinner Miga die volk aan God se magtige daade wat Hy namens hulle gedoen het (Miga 6:3–5), die insettinge en oortredinge van die verbond (Miga 6:6–12), en laastens die vervloeking nadat hulle oortree het (Miga 6:13–16). Dit is heelwaarskynlik die agtergrond van Stéfanus se toespraak. Toe hy gevra was om sy handeling te verduidelik, het hy geen poging aangewend om die aanklagte teen hom te weerlê of dit wat hy glo, te verdedig nie. In plaas daarvan het hy sy stem verhef net soos die profete van ouds toe hulle God se רִבְּ teen Israel gebring het. Sy lang oorsig oor God se eertydse verhouding met Israel was bedoel om hulle ondankbaarheid en ongehoorsaamheid te illustreer. In Handeling 7:51–53 was Stéfanus nie meer langer die aangeklaagde nie, maar God se profetiese verdediger in Sy verbondsregsgeding teen hierdie leiers. Indien hulle vaders skuldig was aan die doodmaak van die profete, des te meer hulle. Die verandering van “ons vaders” (Handeling 7:11, 19, 38, 44, 45) na “julle vaders” (Acts 7:51) is betekenisvol: Stéfanus het sy solidariteit met sy volk verbreek en ‘n definitiewe standpunt vir Jesus ingeneem. Die prys wat hy sou betaal, was ontsaglik groot; tog het sy woorde geen vrees of spyt getoon nie.

Wanneer laas het jy nodig gehad om ‘n ferm en onbuigsame standpunt vir Jesus in te neem? Het jy, of het jy net binnensmonds gemompel? Indien dit laasgenoemde was, wat moet verander?

Jesus in die hemelse hof

Aangesien 'n profeet (in Hebreeus, *nābī*) iemand is wat namens God praat, het Stéfanus 'n profeet geword op die tydstip toe hy God se rīh teen Israel teweeggebring het. Sy profetiese bediening was egter baie kort.

Lees Handeling 7:55, 56. Wat het Stéfanus se visioen beteken?

“Toe Stéfanus hierdie punt bereik, het daar 'n beroering onder die volk ontstaan. Toe hy Christus met die profesieë verbind het en op hierdie wyse oor die tempel gepraat het, het die priester gemaak asof hy verontwaardig was en sy kleed geskeur. Dit was vir Stéfanus 'n teken dat sy stem spoedig vir ewig die swye opgelê sou word. Hy het die weerstand teen sy woorde gewaar en geweet dat hy sy laaste getuienis gelewer het. Hoewel hy in die middel van sy preek was, het hy dit plotseling afgesluit.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 81. Terwyl Stéfanus voor die Joodse leiers gestaan het om God se saak teen hulle te verdedig, het Jesus in die hemelse hof gestaan – d.w.s., in die hemelse heiligdom, langs die Vader, 'n aanduiding dat die oordeel op aarde maar net 'n weerspieëling van die ware oordeel is wat in die hemel sal plaasvind. God sal die valse leraars en leiers in Israel oordeel. Dit verduidelik hoekom die oproep tot bekering wat algemeen in die vorige toesprake in Handeling voorkom (2:38, 3:19, 5:31), hier afwesig is. Israel se teokrasie was besig om tot 'n einde te kom, wat beteken het dat die wêreld se verlossing nie meer langer deur Israel se intrede, soos aan Abraham belowe was, bewerkstellig sou word nie (Génesis 12:3, 18:18, 22:18), maar deur die volgelinge van Jesus, Jood en nie-Jood, van wie daar verwag was om Jerusalem te verlaat om getuies in die wêreld te word (Handeling 1:8).

Lees Handeling 7:57–8:1, 2. Hoe beskryf Lukas Stéfanus se dood?

Die straf vir godslastering was steniging (Levítikus 24:14), alhoewel dit nie duidelik was of Stéfanus tot die dood veroordeel sou word nie, of deur 'n fanatiese menigte, sonder verhoor, opgehang sou word nie. In elk geval, hy was die eerste vermelde volgelinge van Jesus wat vir sy geloof doodgemaak was. Omdat die getuies hulle klere by 'n jongman met die naam van Saulus se voete neergelê het, kom dit voor asof hy die leier van Stéfanus se opponente was; nogtans het Stéfanus, toe hy vir sy moordenaars gebid het, ook vir Saulus gebid. Net 'n persoon met 'n verhewe karakter en onwankelbare geloof kon so iets gedoen het, en dit was 'n kragtige bevestiging van sy geloof en die werklikheid van Christus in sy lewe.

Die verspreiding van die evangelie

Die oorwinningsvreugde oor Stéfanus se dood het 'n massiewe vervolging teen die gelowiges in Jerusalem aan die gang gesit, en daar was geen twyfel dat dit dieselfde groep opponente was wat dit aangehits het nie. En die leier van die groep was Saulus, wat die kerk baie skade aangerig het (Handelinge 8:3, 26:10). Die vervolging het egter ten goede uitgewerk. Inderdaad, deurdat hulle oor Judéa en Samaria verstrooi was, het die gelowiges die land deurgegaan en die evangelie verkondig. Die bevel om in daardie gebiede te gaan getuig (Handelinge 1:8), was dus uitgevoer.

Lees Handelinge 8:4–25. Watter lesse word in hierdie verslag geopenbaar?

Die Samaritane was half-Israelities, selfs op godsdienstige gebied. Hulle was monoteïsties en het die eerste vyf boeke van Moses (die Pentateug) aanvaar, die besnydenis nagekom, en die Messias verwag. Maar, vir die Jode was die Samaritaanse godsdiens egter onrein, wat beteken het dat die Samaritane hoegenaamd geen aandeel in die verbondseëninge van Israel gehad het nie. Die onverwagte bekeerlinge uit die Samaritane het die kerk in Jerusalem onkant gevang, en daarom het die apostels Petrus en Johannes gestuur om die situasie te gaan waarneem. God se terughouding van Sy Gees totdat Petrus en Johannes gekom het (Handelinge 8:14–17), was heelwaarskynlik bedoel om die apostels te oortuig dat die Samaritane ten volle as lede van die gemeenskap van gelowiges aanvaar moes word (sien Handelinge 11:1–18).

Dit was egter nie die einde van die saak nie. In Handelinge 8:26–39 word die verhaal van Filippus en die Ethiópiër, 'n hofdienaar, wat na 'n Bybelstudie saam met Filippus, versoek het om gedoop te word. “En hy het bevel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop” (Handelinge 8:38). Eers die Samaritane, toe die Ethiópiër, 'n buitelander wat na Jerusalem toe gegaan het om te aanbid, en nou op pad huis toe was. Die evangelie het oor die grense van Israel heen versprei en na die wêreld gegaan soos dit voorspel was. Maar dit was maar net die begin, want hierdie vroeë Joodse gelowiges sou binnekort dwarsdeur die bekende wêreld reis en die goeie nuus van Jesus se dood en opstanding verkondig, waardeur die prys vir hulle sondes betaal was en dit nou aan almal, en oral, die hoop op verlossing sou bied.

Petrus het aan Simon gesê dat hy “in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid” gewikkel was (Handelinge 8:23). Wat was die oplossing vir sy probleem, en vir enigiemand wat hulle in 'n soortgelyke situasie bevind?

Vir verdere studie:

“Die vervolging wat die gemeente in Jerusalem getref het, het die evangeliewerk baie versterk. Die bediening van die woord in daardie plek is met sukses bekroon, en die gevaar het bestaan dat die dissipels te lank daar sou talm sonder om ag te gee op die Heiland se opdrag om na die hele wêreld te gaan. Hulle het vergeet dat krag om boosheid te weerstaan verkry word deur tot die aanval oor te gaan en begin dink dat dit hulle belangrikste werk was om die kerk in Jerusalem teen die aanslae van die vyand te beskerm. Pleks dat hulle die nuwe bekeerlinge geleer het om die evangelie na diegene te neem wat dit nog nooit vantevore gehoor het nie, het die gevaar bestaan dat hulle op so ‘n wyse sou handel dat almal tevrede sou wees met wat reeds verrig was. Om Sy verteenwoordigers te laat versprei na waar hulle vir ander kon werk, het God toegelaat dat hulle vervolgd word. Toe hulle uit Jerusalem verdryf is, het die gelowiges “die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig”. — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 85-86.

Vrae vir bespreking:

1. Lees die aanhaling van Ellen G. White hierbo versigtig deur oor die gevare wat die vroeë kerk in die gesig gekyk het met betrekking tot tevredenheid met hulleself, en met wat hulle bereik het. Eerstens beteken dit, in teenstelling met populêre opvattinge, dat baie Jode inderdaad Jesus as die Messias aanvaar het. Maar wat meer belangrik is, watter waarskuwing behoort ons vir vandag daaruit te neem? Hoe kan ons seker wees dat ons nie vasgevang word in die beskerming van dit wat ons alreeds het nie, in plaas daarvan om te doen wat ons moet doen - om na die wêreld uit te reik?
2. In die tyd van die Apostels was die verhoudinge tussen die Jode en die Samaritane eeue lank al deur verbete vyandighede gekenmerk. Wat kan ons uit die feit leer dat Filippus, vermoedelik ‘n Jood, ‘n getuie vir Jesus in Samaria was? Selfs ons as Sewendedag-Adventiste is nie immuun teen kulturele en etniese vooroordele nie. Wat behoort die kruis ons te leer oor hoe almal dieselfde voor God is? Wat behoort die alomvattendheid van Christus se dood ons ook oor die oneindige waarde van ‘n menslike wese te leer?
3. Hoe het Filippus die Ethiopiër genader (8:27–30)? Hoe kan ons meer vatbaar vir geleenthede om die evangelieboodskap met ander te deel, wees?
4. Wat het ons uit Handeling 6–8 geleer wat ons kan help om die kerk se sendingopdrag meer effektief uit te voer?